Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2019-07-26

NUUSBRIEF 8/2019

Die derde kwartaal kom en gaan gewoonlik in 'n oogwink. Ons sien uit na verskeie hoogtepunte soos die ***Grondslagfase se Kinderkuns en Kuieraand*** (2 Aug.), ***Stulting Sportdag*** (23/24 Aug.), ***Uitblinkers TV-opname*** (26 Aug.), ***Kodering- en Robotikakompetisie*** (7 Sept.), ***Sport- en Kultuurprysuitdeling*** (12 Sept.), ***Sing in Harmonie TV-opname*** van die junior- en seniorkore (13/14 Sept.), die ***Gr. 6 Veldskool*** (16-18 Sept.) en die ***Witolifantveiling en kuieraand*** (19 Sept.). Benewens hierdie aktiwiteite vind daar ook nog verskeie sportwedstryde plaas vir rugby, netbal, tennis en skaak.

Ons heg ook die ***kwartaalprogram*** vir u aan. Dit is onvermydelik dat datums soms verander. Ons maak verskoning indien u dalk verontrief is hierdeur.

Hoop-vir-Kinders Evangelie-Program: Ons bied reeds die afgelope twee jaar hierdie program vir ons Gr. 4-leerders aan. Om dit egter tot sy reg te laat geskied wil ons die groot groep kinders in kleiner groepe verdeel. Hiervoor het ons ouer hulp nodig. Enige belangstellendes kan ds. Kobus Stapelberg skakel by 0761640548 of epos by jpmstapelberg@gmail.com. *Bevestig asb. u betrokkenheid teen Maandag 29 Julie*.

Voltooi asb. die aangehegde bestellys vir ***ouer-ondersteunersartikels.*** Dit moet die skool bereik teen Maandag 29 Julie aangesien bestellings dan geplaas word.

Sien asb. die ***Gedragskode vir ouers van- en besoekers aan Laerskool Stulting*** soos uiteengesit onder ALGEMEEN hieronder. Dit is van toepassing op elke ouer en/of besoeker aan die skoolterrein en/of skoolaktiwiteit.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

AKADEMIE

Kodering en Robotika: Ons is trots om aan te kondig dat ons eerste *"Stulting Lego League"*-kompetisie op 7 September 2019 sal plaasvind. Dit is 'n robotika- en koderingskompetisie vir leerders van graad 5 tot 7. Drie deelnemers per groep sal met ander groepe meeding deur verskillende kodering en robotika take uit te voer. Die inskrywingskoste per groep beloop R100. Deelnemers moet teen 30 Augustus hul name en inskrywingsgelde by mnr. Tiaan Muller inhandig.

SPORT

Kouga Krieket: Mnr. Tiaan Muller is tot Voorsitter van Kouga Krieket verkies. Mnr. Wian Pienaar is gekies as afrigter van die Kouga o/12 krieketspan. Veels geluk!

Rugby: Baie geluk aan die volgende spelers wat die Kouga Sub Unie by die OP o/12 proewe gaan verteenwoordig. Hulle neem Vrydag deel aan die OP proewe by die Despatch Rugbyklub: Nico Lourens, Tiaan Els, Liam Bekker en Caeron Felix.

Visvang / hengel: Zander Botha is gekies vir die Oostelike Provinsie o/16 hengelspan.

Interskole rugby en netbal teen Laerskool Jeffreysbaai: Neem asb. kennis dat die datum van die interskole weens onvoorsiene redes vervroeg is na Woensdag 31 Julie 2019. Die eerste wedstryde begin reeds om 12:30. Weens die groot getalle personeel en leerders wat hierby betrokke is sal die skool vir alle leerders om 11:25 verdaag.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

KULTUUR

ATKV: Baie geluk aan Heinrich Human wat gekies is om aan die ATKV se finale nasionale kompetisie te gaan deelneem. Dit vind plaas op 2 Augustus by Goudini in Worcester.

Interklasredenaars: Let asb daarop dat die datum uitgestel is na 8 Augustus 2019.

Pearson Kunsfees: Die fees het plaasgevind vanaf 22-26 Julie. Ongelooflike prestasies is behaal en ons in besonder trots op elke kind wat deelgeneem het.

FONDSINSAMELING

Busboekies: Ons busboekieprojek het ‘n rekordbedrag van R 57 000 ingesamel. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en samewerking. Die wenners van die onderskeie pryse is reeds in kennis gestel.

Muntlegging: Tydens die muntlegging gehou op Donderdag 18 Julie het ons ‘n mooi bedrag van R 6088.77 ingesamel. Ons gaan hierdie geld skenk aan ‘n liefdadigheidsorganisasie wat ons vertrou om dit aan te wend na goeddenke ten bate van inwoners van Humansdorp.

Stulting Sportdag: Ons sportdag wat vanjaar op 24-25 Augustus gehou word, is ons skool se grootste fondsinsamelingsprojek, ondersteun dit asb. Baie dankie aan ons ouers wat as organiseerders van die verskillende sportdagstalletjies optree. Hierdie ouers werk baie hard om die Sportdag die sukses te maak wat dit is.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Ons Sportdagkoördineerders verkoop ook spesiale ***ouer ondersteunersartikels***. Sien asb. die aangehegde bestellys. Die bestellys en die kontant moet Maandag 29 Julie die skoolkantoor bereik. Bestellings word Maandag geplaas. U kan kies vanuit die lys van 6 artikels. U kan ook kies of u 'n Afrikaanse- of Engelse ***"Trotse STULTING ouer" / "Proud STULTING parent",*** op u artikel wil aanbring. Die kampstoele is in swart- en rooi beskikbaar.

Witolifant verkoping: Sluit Donderdag 19 September om 17:30 by ons aan in die skoolsaal vir die Witolifantveiling. U is welkom om nog items te skenk. Laat weet asb die skool as ons kan help om items te vervoer. Na-afloop van die veiling gaan ons ook lekker gesellig verkeer tydens 'n bring-en-braai. Alle fondse wat hiermee gegenereer word gaan vir instandhouding van die skool se fasiliteite aangewend word.

Round Table Steak & Musiek Trivia-aand: Die *Round Table* beplan 'n fondsinsameling ten bate van Laerskool Stulting op 9 Augustus om 18:30 in die skoolsaal. Skakel vir Anton du Preez vir meer inligting. Sy nr: 0836271857.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

ALGEMEEN

Sien asb. die volgende uittreksel vanuit die Skoolbeleide van Laerskool Stulting-dokument:

11.3 Gedragskode vir ouers van- en besoekers aan Laerskool Stulting

11.3.1 Inleiding

Die gedragskode is gerig op die skep van ’n harmoniese en gedissiplineerde skoolomgewing waarin leerders deur middel van opvoeders, afrigters, ouers en ondersteuners hulle volle potensiaal kan bereik. Voorts skep dit ’n maatstaf aan die hand waarvan die gedrag van leerders, ouers, opvoeders, afrigters en die bestuur gemeet kan word.

Uit hoofde van die Suid-Afrikaanse Skolewet het die beheerliggaam en die skoolhoof die reg om toegang tot die skoolterrein en/of skoolaktiwiteite te reguleer. Die beheerliggaam en die skoolhoof is verplig om toe te sien dat niemand wat ’n gevaar vir die leerders, skoolpersoneel of enige ander besoeker aan die skool inhou, toegang tot die skoolterrein en/of skoolaktiwiteit verkry nie. Enige besoeker aan die skoolterrein en/of skoolaktiwiteit kan vir enige onwettige dwelmmiddels of gevaarlike voorwerpe deursoek word. Die beheerliggaam behou die reg van toegang tot die skoolterrein en/of skoolaktiwiteit en kan ’n persoon toegang belet indien dit in die skool en die leerders se belang is.

Elke ouer en/of besoeker aan die skoolterrein en/of skoolaktiwiteit verbind hom/haar daartoe om:

- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Laerskool Stulting getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf wanneer hy/sy die skoolterrein besoek of skoolaktiwiteite bywoon;
- daarna te streef dat sy/haar optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- die skool en die leerders met ywer te ondersteun; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, leerders, besoekers en veral skeidsregters te betoon.

11.3.2 Vereenselwiging met die skool

Ouers en toeskouers moet hulleself as verteenwoordigers van die skool beskou wanneer hulle wedstryde, byeenkomste, optredes of enige ander skoolaktiwiteite bywoon of hulle kinders by sodanige aktiwiteite ondersteun. Ouers en toeskouers word aangemoedig om die span waarin hulle kinders speel, sowel as soveel moontlik ander skoolspanne, te ondersteun.

11.3.3 Gedrag gedurende skoolbesoeke of skoolaktiwiteite

- Ouers en/of besoekers moet so optree dat hulle nie die skool se naam oneer aandoen of personeel of leerders in die verleentheid stel nie, en hulle gedrag moet van so ’n aard wees dat hulle altyd ’n goeie beeld van die skool na buite uitdra en uitbou.

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

- Ouers en/of besoekers moet selfbeheersing toepas en respek, hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar, opvoeders, leerders, mede-toeskouers, afrigters, skeidsregters, beoordelaars en teenstanders betoon.
- Opvoeders, deelnemers, afrigters, skeidsregters of beoordelaars mag nie geïntimideer word nie.
- Ouers en/of besoekers moet optree volgens die etiekkode wat ’n bepaalde kultuur- en sportsoort vereis.
- Fisiese geweld, lasterlike en beledigende taal of onwelvoeglike tekens gedurende sportwedstryde of ander aktiwiteite is streng verbode.
- Ouers en ondersteuners word voorts versoek om hulle van negatiewe opmerkings of ongehoorde taalgebruik teenoor skeidsregters, ander beamptes, beoordelaars, spelers of hulle teenstanders se ondersteuners te weerhou.
- Ouers wat enige aktiwiteit van die skool bywoon, moet aan die versoeke en reëlings van die betrokke skool en/of organiseerders gehoor gee.
- Enige vorm van geweld of ontwrigting wat ’n negatiewe uitwerking op enige skoolaktiwiteite kan hê, word verbied.
- Die gebruik en/of besit van alkohol en bedwelmende middels van enige aard gedurende enige skoolaktiwiteit is streng verbode.
- `n Ouer mag ook nie onder die invloed van alkohol en/of bedwelmende middels van enige aard gedurende enige skoolaktiwteit wees nie.
- Geen wapens of gevaarlike voorwerpe mag op die skoolterrein gebring word nie, tensy vir amptelike werksdoeleindes, soos in die geval van lede van die SAPD.
- Besoekers mag slegs in die aangewese rookgebiede rook, en slegs indien dit nie met die leerders se opvoeding of aktiwiteite inmeng nie. Raadpleeg die skool se rookbeleid, waarin die aangewese rookgebiede uiteengesit word.

- Ouers, ondersteuners en toeskouers word versoek om die aangeduide afstand vanaf die kantlyne van die bepaalde sportveld of -baan te handhaaf en nie binne die speelveld of enige ander afgebakende areas op die skoolterrein of gedurende 'n aktiwiteit te gaan nie.
- Ouers en/of besoekers word versoek om die skoolterrein netjies en skoon te hou, en niemand mag rommel strooi nie.
- Ouers en toeskouers word versoek om nie op die veld of baan te gaan wanneer 'n speler 'n besering opdoen nie. Indien die afrigter/spanbestuurder of noodhulppersoneel dit nodig ag, sal die betrokke ouers nader geroep word.

11.3.4 Gedrag by kultuur- en sportoefeninge

- Afrigters mag nie gedurende kultuur- en sportoefeninge onderbreek word nie, al is dit om raad te gee, reëlings te tref, terugvoering te vra of klagtes en probleme te bespreek.
- Ouers mag geensins met 'n afrigter se spankeuses inmeng nie.
- Ouers mag die hoof/'n afrigter/spanbestuurders versoek om op 'n gepaste tyd en plek enige navrae, klagtes en voorstelle te bespreek.
- Gesprekke tussen ouers en personeel/afrigters behoort wedersyds op 'n konstruktiewe, hoflike, beheerste en eerbiedige wyse te geskied.
- Skooleiendom wat gedurende 'n oefening gebruik word, mag nie sonder vooraftoestemming van die skoolhoof, en in oorleg met die personeellid wat daarvoor verantwoordelik is, van die skoolterrein verwyder word nie. Indien enige toerusting aan enigiemand geleen word, moet dit behoorlik in 'n register aangeteken word, en moet die persoon in kennis gestel word dat hy/sy vir enige skade of verlies aanspreeklik sal wees.

11.3.5 Kommunikasie

Ouers en ondersteuners kan enige navrae of probleme ten opsigte van ’n spesifieke aktiwiteit met die organiseerder of skoolhoof bespreek. Indien die skoolhoof of organiseerder dit nodig ag, sal die kwessie met die betrokke afrigter bespreek word. Ouers en/of besoekers word versoek om enige ongerymdhede of klagtes met die skoolhoof of beheerliggaamvoorsitter eerder as met enige ander personeellid of die media te bespreek.

Die beheerliggaam en skoolpersoneel is daartoe verbind om te alle tye die belange van die skool te bevorder en die ontwikkeling van die skool te probeer verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in die skool. Hierdie verbintenis geld ook ten opsigte van die organisasie en aanbieding van alle skoolaktiwiteite. Ouers en/of besoekers word dus versoek om die beheerliggaam in dié taak te ondersteun.

11.3.6 Nie-nakoming van die gedragskode

In geval van nie-nakoming van die gedragskode sal die oortreder vriendelik versoek word om die ongewenste gedrag onmiddellik te staak. Indien ’n ouer/besoeker se gedrag enige skoolaktiwiteit ontwrig, en die persoon nie wil gehoor gee aan die skoolhoof of beheerliggaam se versoek om die gedrag te staak nie, is die beheerliggaam by magte om die persoon toegang tot die terrein te weier en, indien nodig, van die terrein te verwyder of te laat verwyder.

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF